# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

22 September 2025

Uitgawe 30



**Vers vir die week:**

Matteus 23:11-12

"Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien. Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is sal verhoog word."

## Uit die hoof se kantoor:

Voorpos se graad 6-leerders vertrek Maandag op Veldskool na Sediba Kwele. 'n Geleentheid om hulleself in groepsverband uit te leef en hulle leierseienskappe spontaan te ontwikkel. Onthou dit bly 'n voorreg om te gaan, geniet dit!

Die klasse wat gebou word om ons groter leerdergetalle te akkomodeer, is byna klaar en die leerders behoort teen die einde van die week weer die onderste badkamers te kan gebruik. Intussen het die afbreek van die huidige tennisbane groot belangstelling by ons grondslagfaseleerders geprikkel en hulle kan nie ophou kyk hoe alles verbrokkel en uitgeploeg word deur die groot masjienerie nie.

Baie geluk aan die krieketspanne wat as skool nog nie een week in die liga verloor het nie. Dit wil gedoen wees en ons hou styf duimvas vir die finale wedstryde wat teen Laerskool Wonderboom voorlê.

Ons is ook aan die vooraand van die swemseisoen en ons swemmers oefen hard vir die gala's wat voorlê.

Met Vories het talent, English Evening, krieket, sagtebal, swem, atletiek en 7's rugby is daar nie 'n vervelige oomblik by Laerskool Voorpos nie.

Baie sterkte met al die aktiwiteite!


Mnr. Gerhard Engelbrecht

# SKAAK

Gizelle Roelofse, MJ Mostert, Luke Marais en Ayden Day is Saterdag 20 September 2025 verkies vir die spanne wat Noord Gauteng Skaak verteenwoordig. Hulle is verkies vir o/10 meisies, o/10 Oop, o/12 Oop en o/16 Oop onderskeidelik. Gizelle, MJ en Luke gaan ook Desembermaand Gauteng in Port Elizabeth verteenwoordig. Ons is baie trots op hierdie leerders.









# TENNIS

Hierdie tennisseisoen is amper op sy rug. Daar is nog net 2 wedstryde wat vandag plaasvind


Die o/11 dogters het 15 September teen L/s Hennopspark gespeel en met 'n telling van 25 / 18 verloor.

Die o/13 seuns het teen St. Paulus gespeel en met 2 punte gewen. Dit was regtig spanningsvol en juffrou Nelia het haar naels langs die baan afgekou.

Die o/13 dogters het hul laaste wedstryd vir die kwartaal gespeel en ongelukkig met 17 / 38 teen L/s Die Krans verloor.

Hierdie seisoen het ons in 'n heelwat sterker liga deelgeneem en die spelers het regtig hard gewerk vir elke punt wat ons ongetwyfeld verdien het.





# BERGFIETSRY

**Voorpos-bergfietsryers blink uit by Grootfontein Bergfietsrypark**

Laerskool Voorpos se leerders het onlangs by Grootfontein Bergfietsrypark aan die laaste rondte van die Gauteng Laerskole Bergfietsryreeks deelgeneem en die skool se naam met trots hoog gehou. Meer as 30 leerders het die uitdagende roete aangedurf en uitstekende prestasies behaal.

Miani du Plooy het 'n pragtige 1ste plek in die sub-junior meisies behaal, Janelle Coertze 'n 9de plek, Melize Rossouw 'n 14de plek, terwyl Ruben Metz 'n sterk 13de plek in die sub-junior seuns verower het. Die skoolgemeenskap is besonder trots op elke deelnemer wat met deursettingsvermoë en sportmanskap deelgeneem het.

Laerskool Voorpos sê dankie aan almal wat die dag moontlik gemaak het en hou duim vas vir nog vele suksesvolle wedrenne in die toekoms. Dankie ook aan Handré Rossouw wat sy termyn as spanbestuurder afsluit. Baie sterkte aan Marius Hoffman wat die leisels by Handré gaan oorneem.



# KRIEKET

Laerskool Voorpos vs Laerskool Stephanus Roos

Ons krieketspanne het die week sterk vertonings teen L/s Stephanus Roos gelewer. Die o/ 10's, o/ 11's, o/ 12's en o/ 13's het almal puik oorwinnings behaal. Die o/ 9's het ongelukkig in 'n baie noue wedstryd verloor, maar uitstekende gees en veglustigheid getoon.

By die o/ 13-span teen het Callen Steyn die skare op hul voete gehad met 'n briljante kolfbeurt van 92 lopies vanaf net 51 balle. Hy is uitstekend ondersteun deur Adriaan Viljoen, wat 'n stewige 51 lopies geslaan het – 'n kombinasie wat die oorwinning beklink het.

Die o/ 11's se wedstryd teen Stephanus Roos het ook groot hoogtepunte opgelewer. Franna van Dyk het 'n ongelooflike boulprestasie gelewer deur 5 paaltjies te neem en slegs 26 lopies af te staan – 'n spel wat die teenstanders laat kopkrap het.

In die Dag/aand wedstryde teen L/s Monumentpark, het die o/ 11's weer gewys hulle is 'n span om mee rekening te hou. Franna van Dyk het sy veelsydigheid bevestig met 'n pragtige 60 lopies in die kolfbeurt. Die o/ 13's moes egter in hul Dag/aand wedstryd die knie buig en het ongelukkig 'n nederlaag gely.

Dit was 'n week vol spanpogings, individuele glansprestasies en groot trots vir ons skool se krieket!

**Franna van Dyk**
5 paaltjies in 4 beurte vir 26 lopies en 60 lopies





**Callen Steyn**
92 lopies

**Adriaan Viljoen**
51 lopies





# MINIKRIEKET

Saterdag, 20 September het die Little Titans 0/6-, 0/7- en 0/8-spanne by Laerskool Tygerpoort deelgeneem.
Dit was ń heerlike dag met goeie sportmangees en hope energie. Die ouers en kinders het die dag met entoesiasme aangepak en baie geniet.












# KOOR

**Voorposkore straal by Noot vir Nood Koorfees**

Albei ons kore het die voorreg gehad om Saterdag, 20 September aan die Noot vir Nood Koorfees deel te neem. Hierdie besondere geleentheid was vir almal 'n onvergeetlike ervaring.

Ons het nie net die kans gekry om self op te tree nie, maar ook om van die land se mooiste kore aan te hoor. Die Transoranje Skool vir Dowes se koor het elkeen diep geraak en die bekende Magaliesberg Kinderkoor het die gehoor se monde behoorlik laat oophang van bewondering. Die talent en toewyding wat ons gesien en gehoor het, was werklik 'n belewenis.

Die doel van die fees was om fondse in te samel vir rolstoele – elke rolstoel uniek aangepas vir die behoeftes van 'n spesifieke persoon. Hierdie boodskap het ons almal nederig en dankbaar gelaat en het 'n besondere betekenis aan die aand gegee. Ons kore het hulself uitstekend van hul taak gekwyt en is oor en oor gekomplimenteer oor hul optrede. Dit was nie net 'n geleentheid om ons musiek met ander te deel nie, maar ook om te otwikkwel, te leer en deel te wees van iets groter as onsself.







# ENGLISH EVENING


Laerskool Voorpos hosted an English evening to celebrate the English language. The evening gave learners the opportunity to showcase their skills in poetry and storytelling. Each learner rehearsed tirelessly to perfect their craft and deliver a brilliant presentation.

The English department would like to thank the learners, teachers, and parents that made the evening a success. Every budding poet or storyteller started their journey with literature on an evening like this.

We look forward to seeing how our learners develop their creativity and love for English.
















# SAGTEBAL

## Sagtebal Halfeindstryd

Drie van ons spanne het verlede week in die halfeindstryd gespeel. Na ure se harde oefening en goeie sagtebal deur die seisoen, het die dogters ongelooflik baie ontwikkel. Ongelukkig het al drie spanne teen Laerskool Villieria verloor. Sterkte met die laaste bietjie harde werk wat voorlê en sterkte vir die wedstryde wat op Donderdag, 2 Oktober plaasvind. Ons vertrou dat dit goed sal gaan en dat ons hierdie jaar se sagtebalseisoen op 'n hoë noot sal afsluit.





# -berig


## SKOOLKLERE

Die dogters se geel hempies is al vir 'n geruime tyd a.g.v verskeie redes 'n probleem. Die kleredragkomitee in samewerking met die BL, het besluit dat die sporthemp ook gebruik gaan word as 'n skoolhempie saam met die wynrooi rompie en grys broekie. (sien foto) (LW slegs gr.1 - 3 mag die wynrooi KDP- broek skool toe aantrek op dae wanneer die klas KDP het.)

Leerders kan egter steeds die geel hempie en grys hemp dra totdat dit in 2026 heeltemal infaseer. Leerders kan dus van volgende week af bogenoemde opsies dra.

**BELANGRIK: Geen tekkies by skooldrag nie, slegs skoolskoene!**





# Vir ons Vorie-ouer

## Reëls

Padreëls, huisreëls, "werkreëls" , skoolreëls en nog vele meer. Maak nie saak waar ons in die lewe gaan nie, reëls is deel van ons bestaan. Reëls word nie gemaak om gebreek te word nie, maar o wee! Padreëls is 'n ou teer puntjie in ons land... Dikwels is mens in die versoeking en dan waai die reël by die agterdeur uit. Reëls word gemaak om duidelike grense daar te stel om ons in 'n veilige omgewing te plaas. Om reëls te breek, kan soms fataal wees. So het skole ook reëls en dit is in lyn om ons kinders veilig te hou en dissipine te bevorder.

Hoe hanteer ek my kind se skoolreëls in my daaglikse omgang met my kind? Is die reëls vir my as ouer 'n erns of bevraagteken ek die reëls soms selfs voor my kind. Soos verkeersbeamptes toesien dat die padreëls gehoorsaam word, so is dit die onderwysers se werk om toe te sien dat die skoolreëls gehoorsaam word. Dit is vir niemand lekker om elke liewe oortreding aan die groot klok te hang nie. Indien 'n onderwyser dus optree, is dit beslis 'n oortreding wat by herhaling plaasgevind het, of dit is 'n oortreding wat baie ernstig van aard is.

Wanneer jou kind van die skool af kom luister met aandag, stel belang en wees daar. Dit is egter baie gevaarlik om jou eie afleiding oor 'n insident te maak en dan halsoorkop op te tree. CJ Langenhoven het 'n belangrike les vir ons almal gelos deur die volgende woorde: "Moet nie die kwaai brief vandag pos nie, slaap daaroor en pos hom môre." Dit geld vir ons optrede ook. Moet nie dadelik die ergste denkbare afleiding maak en dit op die verkeerde persoon of persone uithaal nie. Ek glo elke saak het meriete en moet van al die kante ondersoek word. Indien jy gereeld met jou kind kommunikeer en werklik belangstel, sal jou kind ook toelaat dat jy deel vorm van sy/haar lewe wanneer dinge gebeur wat minder aangenaam is. Dat skoolreëls daar is om ons kinders te beskerm is 'n feit en daarom is dit noodsaaklik dat ons dit dienooreenkomstig hanteer. Ek het al dikwels gesien hoe kinders 'n situasie verdraai sodat hulle minder skuldig lyk. Drie seuns later het ek geleer om eers die ander party of partye se saak ook te hoor, voordat ek 'n afleiding maak. Dit is nie dat hulle noodwendig jok nie, die waarheid word net so effens verdraai om hulle skuld te verminder en my te laat wonder of die gevolg van die optrede regtig nodig is. Ons moet ook waak om 'n berg van 'n molshoop te maak. Monitor jou kind na 'n insident en wees daar. Dit is dikwels 'n tienerfase wat weer sal oorwaai, maar jy as ouer moet altyd oop wees vir gesprek met jou kind. Moet nie jou kind in sy/haar kwaad sterk nie. Jare gelede toe my oudste kind in die laerskool was, het ek 'n onderwyser hoor sê dat die kind nou die skool se probleem is, maar die ouers s'n vir die res van hulle lewe. Dit nadat 'n ouer nie die erns van die saak wou insien nie. Vat hande met die skool en sorteer enige ongelukkigheid onmiddelik op gepaste wyse uit. Ons kinders is ons alles en ja dit moet so wees. Jou optrede en reaksie bepaal in 'n groot mate die pad vorentoe, hetsy positief of negatief.

Van net nog 'n mamma



# Belangrike datums vir die week:



## Maandag, 22 September 2025

- Krieket: o/9 B-span @ L/s Wonderboom (Weg)
- Tennisliga

## Dinsdag, 23 September 2025

- Krieket: o/9 A-span @ L/s Wonderboom (Tuis)
- Krieket: o/13 A-span @ L/s Wonderboom (Weg)



## Woensdag, 24 September 2025

- ERFENISDAG

## Donderdag, 25 September 2025

- Krieket: o/10 A-span @ L/s Wonderboom (Tuis)
- Krieket: o/11 A-span @ L/s Wonderboom (Weg)
- Sagtebal: Finaal




## Vrydag, 19 September 2025

- Krieket: o/10 B-span @ L/s Wonderboom (Weg)
- Krieket: o/12 A-span @ L/s Wonderboom (Tuis)

# ADVERTENSIES







MIGHTY MEN
MOOT
11 OKT 2025
Hoërskool Oos-Moot
www.mightymenmoot.co.za
iTICKETS
EXPERIENCES START HERE

# ADVERTENSIES




**Hoe adverteer ek op Vorienuus?**

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

**Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?**

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za